

7 September

Skrifgedeelte: Genesis 2:18-23

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 14

Die mens goed geskape

Alles wat God geskape het was goed. Soos 'n refrein klink dit deur die skeppingsverhaal: "En God het gesien dit is goed." As die skeppingswerk op die sesde dag voltooi is sien God selfs dat alles "baie goed" is (Gen 1:31).

God wou ook dat die goedheid van sy werk geken word; daarom bring Hy sy skeppingswerk na die mens toe. Elke dag was daar 'n nuwe verrassing. Die een dag 'n pou, die volgende 'n seekat, die derde dag 'n vlinder en die dag daarna sou God met 'n leeu aan die hand by Adam aankom. Oopmond van verbasing, maar met suiwer, sondelose insig sou Adam bestudeer en ontleed en vra en uiteindelik in glashelder, foutlose taal die essensie van God se goedheid in elke dier met 'n enkele woord saamvat.

Toe, op 'n dag, bring God die vrou. Nog nooit het iemand na 'n medemens gekyk, 'n medemens gesien, soos Adam op daardie dag nie. Die goedheid van God se werk het "hierdie keer" (vers 23) op so 'n buitengewone wyse geskitter dat Adam sprakeloos was. Net hy bly as verwysingsraamwerk oor en hy stamel (vers 23): "Hierdie keer is dit een uit myself ... soos ek." God self sê dat dit iemand "vir hom" is (vers 18).

Hoe hartseer dat Adam se insigte deur die sondeval vir ons 'n verlore wetenskap is. Die wêreld sou 'n ander plek gewees het. Tog, miskien is dit nie heeltemal verlore nie. Een naam wat hy gegee het, het immers behoue gebly. Miskien kan jy vandag by daardie naam begin, daar waar jy gelowig oor elke medemens sê, "een soos ek". Dit kan uiteindelik 'n ingrypende verskil maak in die name wat ons mekaar noem.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~